



MAANDELIKSE NUUSBRIEF: OKTOBER 2021

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk/verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING.....	1
2.	BAIE DANKIE! HSAG VORENTOE!	2
3.	DECA SAAK EN HOFDATUM	3
4.	OM KONTRAKTUEEL OF DELIKTUEEL TE EIS.....	4
5.	TOMMY CALDWELL – WAARTEEN STAAN JY OP?	5
6.	CCAF STATE	7
7.	DIE REGSPROSES VAN KLASAKSIE-SERTIFISERING	8
8.	ONTREKKINGS VAN BELEGGERS DEUR DERDE PARTYE	9

9.	CCAF -LEDE MOET HUL FICA -DOKUMENTE STUUR.....	10
10.	VERSKILLE TUSSEN STRAF- EN SIVIELEREG.....	14
11.	BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE.....	16
12.	BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES.....	16

1. INLEIDING

Hierdie maand se nuusbrieff bevat belangrike informasie rakende die CCAF state, let wel dat die proses rakende state ietwat verander is, asook die DECA aangeleentheid en die relevante datums daaromtrent.

Geliewe te verwys na die dele van die nuusbrieff wat verwys na die regsprosesse van klas-aksie sertifisering en die verskille tussen siviele- en kriminele reg vir meer algemene inligting rakende u saak. Ons glo dat hierdie informasie noodsaaklik is vir alle lede wat verkies om 'n aktiewe rol te speel in die sukses van die klas-aksie.

Ons is steeds in die proses om informasie te bekom rakende die aanstel van 'n eksekuteur in die boedel van wyle Nic Georgiou. Ons bly positief dat ons die informasie binnekort sal ontvang en sal ons aanhou totdat ons uiteindelik die relevante informasie ontvang het. Ons sal natuurlik vir lede van die nodige informasie voorsien soos dit aan ons bekend raak. Daar is onlangs baie gerugte wat beweer dat Mnr Georgiou nie eintlik oorlede is nie, maar totdat dit bevestig is, bly die gerugte pure spekulasie.

Laastens, rig ons u aandag op die Tommy Caldwell storie. 'n Verhaal wat lede kan inspireer. As almal volhard en aanhou om van Tommy se deursettingsvermoë en selfvertroue te onderhou het sal ons steeds ons toekomstige struikelblokke oorkom.

Ons hoop dat u, en u geliefdes, steeds veilig en gesond is soos ons die einde van die jaar nader. Alhoewel ons hierdie jaar baie bereik het is daar steeds baie werk om te doen! Ons het maande se werk ingesit met die finalisering van die repliserende verklaring in die DECA aangeleentheid (waaroor beleggers later in die nuusbrieff kan lees). Die tyd en energie wat die voltooiing van die dokument gevegg het is onmeetbaar, maar ons is positief dat ons 'n duidelike uiteensetting van die verloop van die saak vir die hof

uiteengesit het. Ons moedig lede aan om hierdie dokument te lees wanneer dit op die webtuiste geplaas word aangesien lede-betrokkenheid sterk aangemoedig word. Ons vra dat lede hul deel sal doen en finansiële bydra aangesien hierdie 'n baie belangrike deel is van die klas-aksie proses en ons almal ons deel moet doen. Ons benodig almal om saam te staan, meer as ooit vantevore!

2. BAIE DANKIE! HSAG VORENTOE!

Slegs 'n relatief klein groepie mense is bewus van die ongelooflike samewerking en moeite wat die HSAG-bestuur, skakelbeamptes, regsman en ander persone die afgelope maande gedoen het om die saak van die HSAG-lede te bevorder. Op hierdie stadium is daar twee klas-aksies, te wete die DECA-saak, waarby ingesluit is Mnr. Georgiou se twee seuns, Hans Klopper en andere en aan die ander kant, CCAF waarin Mnr Georgiou en twee van sy entiteite aangevat word.

Die sentrale vraag in beide sake is: Wat het geword van die miljard rande se beleggings in die onroerende eiendomme geword? Die deskundiges het reeds baie goeie vordering gemaak en daar is 'n duidelike lyn wat gevolg word. Feit van die saak is dat verskeie onroerende eiendomme verkoop is en van hande verwissel het. Danksy die uiters betroubare aktes stelsel van Suid-Afrika en die geloofwaardige bankstelsel word die opsporing van eiendomme en fondse vergemaklik. Die DECA saak is van uiterste belang omdat baie van die Respondente hier verbind word aan die uiteindelijke opsporing van die "vermiste" eiendomme en miljard rande. Die HSAG en sy regsman het, danksy die goeie ondersteuning van sy lede en ander partye, in die Repliserende Verklaring 'n sterk saak uitgemaak teen die Respondente, veral Mnr Georgiou se seuns wie hulself nou algeheel wil distansieer van hul pa, Nic Georgiou, se sake uitgemaak.

HSAG-lede word aangemoedig om die hofstukke op ons webtuiste by www.hsaction.co.za te lees ten einde te sien hoe groot inset dit geverg het. Sonder die ondersteuning en bydraes van ons lede sou ons nie die geleentheid kon gebruik het nie en wys ons u daarop dat daar reeds in die eerste helfte van volgende jaar 'n voorlopige hofdatum toegeken is vir die aanhoor van die DECA aangeleentheid.

Die CCAF aangeleentheid sal ingelyks gevolg word. In die lig van die forensiese aard en eksterne deskundiges wat betrek word, word die HSAG lede wie nog nie hul kant gebring het nie, versoek om asseblief hul bydraes op datum te bring.

As vertrekpunt wil ons graag lede verseker dat as, die geleentheid opduik om te eis van die boedel wyle Nic Georgiou, ons dit namens hul sal doen. Ons het terugvoer van die Georgious en hul regspanne versoek rakende die aanstelling van 'n eksekuteur maar ons versoeke het tot dusver op dowe ore geval.

Ons sal aanhou om te soek na antwoorde en sal lede in kennis stel van ons vordering sodra ons meer inligting tot ons beskik het (hou hierdie spasie dop in die volgende nuusbrief!)

3. DECA SAAK EN HOFDATUM

Ons het navrae ontvang rakende die verskil tussen die sogenoemde CCAF (kontraktuele) saak en die DECA (deliktuele) saak. Sien hieronder 'n kort opsomming van die verskille tussen kontraktuele en deliktuele eise.

Die DECA saak handel met Hoëveld Sindikasies 15-22 in die vorm van 'n afgeleide aksie. Dit beteken dat die HSAG lede kan eis van nie net Mnr Nic Georgiou (sy boedel) nie, maar ook sy seuns, Michael en George Georgiou, asook Hans Klopper en ander relevante partye. Ons eis is uiteengesit in die hofstukke op ons webtuiste. Lywige antwoorde (veral die van Mnr Hans Klopper) was ontvang en sal ons hieronder vir lesers 'n kort opsomming verskaf van wat dit behels. Kortliks, nie Georgiou nog die ander Respondente verskaf enige verduideliking van wat gebeur het met die meer as R4.6 miljard wat deur beleggers belê is, en wat aan hul terugbetaal moes word na 5 jaar nie. Behalwe daarvoor het die sogenaamde reddingsvoertuig Orthotouch, geen eiendomme in sy naam nie, met bates wat blykbaar 'n skamele R327 miljoen beloop volgens die Besigheidsreddingspraktisyn van Orthotouch, Du Toit.

Verder, openbaar Klopper in sy Oponerende Verklaring die skokkende nuus dat hy nie bewus was van die R1.3 miljard van addisionele verbande oor eiendomme in die Orthotouch portefeulje nie en dat hy slegs daarvan bewus gemaak is amper twee jaar na

die reddingsplan gepubliseer is. As Klopper die waarheid praat, impliseer dit sekerlik dat die Georgious doelbewus die informasie van hom weerhou het.

Ons het die Repliserende Verklarings gefinaliseer en beteken in die DECA aangeleentheid op 28 Oktober, 2021. Die dokumente sal geplaas word hier <http://www.hsaction.co.za> na dit beteken en geliasseer is in die hof.

Soos voorheen genoem is 'n voorlopige hofdatum verkry in die DECA aangeleentheid vir 30 Mei, 2022. Ons het nog geen terugvoer ontvang na hierdie voorlopige datum verkry is nie.

4. OM KONTRAKTUEEL OF DELIKTUEEL TE EIS

Wat CCAF aanbetref, is daar ongelukkig net drie partye wat hulself kontraktueel verbind het tot die ander. Dit is Mnr Nic Georgiou, sy trust en Zephan. Ons moes dus die ander partye (insluitend Nic Georgiou se seuns) op deliktuele wyse aanspreek. Daarby is daar ook heelwat meer sindikasies betrokke.

Daar is 'n langdurige debat in die Suid-Afrikaanse reg oor die vraag of daar ingevolge 'n kontrak of delik geëis moet word. Die skeidingslyn oor die vraag om kontraktueel of deliktueel te dagvaar, is egter nie altyd maklik nie.

'n Verweerder se optrede kan beide 'n kontrakbreuk én 'n deliktuele (onregmatige) optrede daarstel, en gee dus 'n eiser die keuse van watter remedie om te volg.

Die toets om te bepaal of 'n party deliktueel nalatig is of nie, is die "redelike persoon"-toets, dus of 'n redelike persoon in die verweerder se posisie op 'n nalatige wyse opgetree het. Daar moet voorsiening en voorkoming van skade wees.

Ingevolge kontrak moet die onskuldige party sekere vereistes bewys:

- Daar moet 'n kontrak tussen twee of meer partye wees
- Daar moet kontrakbreuk wees.

- Die onskuldige party moes vermoënsverlies (geldelike skade) gely het.
- Daar moet 'n oorsaaklike (kousale) verband tussen die onregmatige handeling en die verlies wat gely is, wees.
- Die verlies moet nie té ver verwyderd van die oorsaak wees nie.

Die primêre doel van 'n kontraktuele eise is om 'n ooreenkoms af te dwing, of te vergoed vir die nie-nakoming van die kontrak se bepalings. 'n Deliktuele eis aan die ander kant is hoofsaaklik gerig op vergoeding vir die skending van 'n regserkende belang wat onafhanklik van 'n kontraktuele verpligting bestaan. Dus hoef daar nie enige ooreenkoms te wees nie.

5. TOMMY CALDWELL – WAARTEEN STAAN JY OP?

Die verhaal van Tommy Caldwell herinner ons baie aan die gebeure wat ons in ons HSAG hofsake teëgekom het.

Tommy Caldwell (gebore Augustus 11, 1978) is 'n suksesvolle Amerikaanse rotsklimmer wat bekwaam is in sportklim, harde tradisionele klim, grootmuurspoedklim en grootmuurvryklim.

As 'n jong seun met 'n passievolle berggids-pa, wat vasbeslote was om uithou vermoë by sy seun vas te lê, het hy gegroei tot 'n tiener wie se obsessiewe aard hom na die kruin van sportklim gedryf het. Caldwell se liefde vir avontuur het hom toe gelei na die soort bergklim wat duiseligheid tot gevolg het naamlik groot muur vryklim. Sy ontwikkeling as bergklimmer was nie sonder uitdagings nie; in sy vroeë twintigs was hy deur huursoldate as gyselaar aangehou in 'n ontstellende beproewing in die berge van Kirgisië. Net so was die HS-beleggers letterlik ook deur verskeie individue gyselaar gehou met hul eie beleggings, en voortdurend met likwidasies en ander gevare gedreig, wat hulle uiteindelik van hul beleggings ontnem het.

Kort daarna het Caldwell sy linkerwysvinger in 'n ongeluk verloor. Later het sy vrou, en hoof-klimmaat, hom verlaat. Caldwell het uit hierdie ontberinge gekom met 'n hernude sin vir doelgerigtheid en vasberadenheid.

Die HSAG het insgelyks twee bestuurs-komitee-lede verloor, deurdat hulle finansiëel afgekoop is en oorgeloop het na die Georgious. Ons Applikante in die hofsaak, wie ons met ons saak vertrou het, én wie die verteenwoordigers van die HSAG-lede was, het daarby die HSAG verlaat en in die geheim met Nic Georgiou hul eise geskik.

Nieteenstaande hierdie teenspoed, het die HSAG ook telkemale met 'n hernude gevoel van optimisme uit hierdie ontberinge gekom.

Caldwell het sy visier daarop ingestel om El Capitan se grootste, byna vertikale, steilste, kaalste helling vry te klim - die 1 000 meter Dawn Wall.

Dit was ook die geval met die HSAG toe hy sy visier ingestel het om een van die grootste en vermoënde private eiendoms-eienaars in Suid-Afrika aan te vat.

Caldwell se epiese tog het meer as sewe jaar se beplanning en voorbereiding geneem. Dit het die HSAG ook 7 jaar geneem om te kom waar dit tans is: een aksie is reeds gesertifiseer, en 'n ander in die proses daarvan.

Tommy het die eerste klim van een van die moeilikste sportklimroetes in die VSA aangepak. Op 14 Januarie 2015 het hy saam met sy maat, Kevin Jorgeson, die eerste vryklim van die Dawn Wall van El Capitan in die Yosemite Nasionale Park gedoen. Destyds was hul 19 dae lange klim deur sommige mense beskou as die moeilikste suksesvolle rotsklim gebeurtenis in die geskiedenis van rotsklim. Tommy se prestasie was die hoogtepunt van 'n volle leeftyd waarin hy uithouvermoë moet wys, risiko's moes trotseer, moed moes wys om homself tot sy uiterste as 'n atleet te druk.

Die HSAG-klas-aksie en verwante prosesse is vergelykbaar met Tommy se prestasies. Die HSAG is in sy 7de jaar en die regspan maak noukeurige en strategiese skuiwe maak teen elke muur wat hulle teëkom. Die HSAG-klas-aksie is uniek en die "eerste van sy soort" wat in Suid-Afrika plaasvind. Dit was tot dusver 'n lang proses, maar met meer as 23 hofsake (hoogtepunte, soos dit aan klimmers bekend staan) wat suksesvol voltooi is, maak die HSAG bestendige vordering tot by die kruin.

Ten spyte van die onvoorsiene uitdagings wat op hierdie reis teëgekome is, herdefinieer die HSAG die klas-aksie-wette en elkeen van sy lojale lede neem deel aan die skryf van geskiedenis!

Om Tommy aan te haal: "Hardship makes us feel more deeply and the ability to truly feel, creates passion! And passion is what leads us to defy the odds."

Ons kan inspirasie uit Tommy se verhaal put - die vrugte van ons uiteindelijke sukses lê daarin om vrees en twyfel te oorkom, om deur hierdie uitdagende tye te volhard en mekaar tot die einde te ondersteun.

6. CCAF STATE

CCAF lede mag dalk agtergekome het dat die September CCAF state slegs aan sekere lede gestuur is. CCAF lede wat 'n nul balans gehad het, het nie hul September faktuur ontvang nie weens die administratiewe las wat met die versending daarvan gepaard gaan. Ons verstaan dat hierdie aansienlike verwarring veroorsaak het onder lede en het ons die ouditeure instruksie gegee om die Oktober state aan alle lede te stuur, insluitend die met 'n nul balans.

As gevolg van die feit dat ons as 'n reël, slegs eenkeer per jaar opvragings doen sou dit beteken dat, indien u opbetaald is, u nie 'n faktuur sou ontvang nie. Ons het dus die ouditeure versoek om die verslagdoening te verander en het ons dus state aan alle HSAG lede gestuur.

Oktober CCAF state is op Vrydag 22 Oktober 2021 uitgestuur. Alle CCAF lede behoort om hul state te ontvang het. Geliewe kennis te neem dat CCAF state nie gestuur is aan HSAG lede nie aangesien dit 'n aparte klas-aksie is. Lede wat nie seker is oor die verskille tussen CCAF en die HSAG word versoek om die Februarie 2021 nuusbrieff te lees.

7. DIE REGSPROSES VAN KLASAKSIE-SERTIFISERING

Daar is dus twee aktiewe klas aksies, naamlik 'n kontraktuele een (CCAF) en 'n deliktuele een (DECA).

Gegewe die HSAG se hangende sertifiserings-aansoek, ag ons dit belangrik om 'n uittreksel uit 'n vorige nuusbrieff hieronder te herhaal.

Die Suid -Afrikaanse regstelsel vereis dat 'n mens verlof van die hof moet verkry om 'n klas-aksie in te stel, wat tot die sertifisering van die klas lei.

Sertifisering is dus 'n integrale deel van ons klas-aksie - en inderdaad elke klas-aksie - en daarom is dit 'n baie tydrowende proses. Die sertifisering van CCAF was 'n oorwinning vir beleggers sowel as die regspraak.

Die HSAG se DECA-aangeleentheid is nog in die proses om gesertifiseer te word. Die saakbestuurder, Regter Janse van Nieuwenhuizen, het bepaal dat die saak terolle geplaas sal word vir 30 Mei 2022.

Tolmay J het in die versnelde ("CCAF") aansoek verwys na die landmerk saak van *Children's Resource Center Trust and Others v Pioneer Food (Pty) Ltd & Others*, waar die faktore wat oorweeg moet word in geval van 'n voorgestelde klas-aksie effektief uiteengesit is. Volgens die uitspraak vereis sertifisering eerstens die definisie van 'n klas; tweedens die identifisering van een of ander algemene eis of saak wat deur middel van 'n klas-aksie oor beslis kan word; derdens: 'n bewys dat daar 'n geldige eisorsaak bestaan; vierdens moet die hof oortuig wees dat die verteenwoordiger geskik is om die lede van die klas te verteenwoordig; en laastens moet die hof oortuig wees dat 'n klas-aksie die geskikste prosedure is vir die aanhoor van die onderliggende eise. Regter

Tolmay was van mening dat die CCAF-aansoek aan al hierdie vereistes voldoen het en verwys ook na die regspan se "commitment to and ability to conduct the litigation".

Die HSAG versoek 'n soortgelyke uitspraak in die DECA-aangeleentheid. As ons die hof kan oortuig dat ons aan die bogenoemde vereistes voldoen, soos wat ons in die CCAF-saak gedoen het, sal ons gesertifiseer word. As dit gebeur, sal ons sterk op pad wees om 'n suksesvolle geding te voer. Sodra 'n klas gesertifiseer is, sal die aangeleentheid deur middel van 'n verhoorproses voortgeset word. Dit is wat die teenkant poog om te verhoed.

Ons hoop dat bogenoemde enige vrae wat u mag gehad het uitklaar.

8. ONTREKKINGS VAN BELEGGERS DEUR DERDE PARTYE

Oor die algemeen is daar streng reëls van toepassing in Suid-Afrika in verband met verteenwoordiging en is HSAG vry om dit te ignoreer nie. Individue kan nie sommer net onttrek namens ander partye nie. Die HSAG se eise beloop miljarde rande en is die beskermbare belang baie groot.

Makelaars of derde partye wat namens HSAG lede optree word hiermee herinner dat hul nie sal toegelaat word om ander se lidmaatskap te beëindig sonder om die voorgeskrewe stappe te volg nie. Ongelukkig, gegewe die risiko's geassosieer met moderne tegnologie, kan ons nie enige kanse vat nie. Ons het die uiterste respek vir lede se kubersekuriteit en sal, as sulks, nie die onttrekking van lidmaatskap aanvaar gebaseer op slegs e-posse wat voorgee om sodanige lede te verteenwoordig nie.

Die voorgeskrewe prosedures rakende die onttrekking van die klas-aksie is al volledig uiteengesit en lede is natuurlik vry om te onttrek sou hul verkies om dit te doen.

Lede kan verseker wees dat hul nie sal onttrek word van die klas aksie deur middel van onheilspellende magte nie. Ons het nog altyd, en sal aanhou, om volledige voltooiing van die voorgeskrewe eedsverklaring te vereis.

9. CCAF -LEDE MOET HUL FICA -DOKUMENTE STUUR

Die HSAG-lede van HS 21 & 22, wat in CCAF is wat nog nie hul FICA-dokumente aan die HSAG-regspan gestuur het nie, moet dit doen voor 31 Desember 2021. Hierdie dokumente is die afgelope maande verskeie kere aangevra. Die verskaffing van FICA -dokumente is 'n algemene vereiste van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum ("FICA -wet") wat bepaal dat kliënte van verantwoordbare instellings (byvoorbeeld banke en prokureursfirmas) hierdie dokumente moet verstrek as hulle van hierdie instellings gebruik wil maak. Hierdie dokumente gee die instansies genoeg inligting om hul kliënte te verifieer. Die doel van die wet is onder meer om bedrog te voorkom, veral waar die betaling van bedrae geld betrokke is. Dit is dus nie net 'n formaliteit nie, maar 'n vereiste.

Om vas te stel watter dokumente u vir die FICA -doeleindes aan die regspan moet oorhandig, kan u die lys hieronder weer bestudeer:

INDIVIDUE:

1. Afskrif van die ID-dokument (SA burgers) / paspoort (buitelandse burgers);
2. Bewys van adres wat minder as drie maande oud is (byvoorbeeld nutsrekening, winkelrekening, bankstaat met adres, DSTV-rekening, munisipale brief)
3. Indien u nie 'n bewys van adres op u naam het nie, kan u 'n verklaring deur 'n derde party indien wat sal dien as bevestiging dat u 'n adres met die derde deel. U moet dan ook die derde party se bewys van ID verskaf sowel as bewys van adres (minder as drie maande oud).

INDIVIDUELE NIE-INWONER:

1. Afskrif van buitelandse ID / paspoort

2. Bewys van adres minder as drie maande oud
3. Indien u nie 'n bewys van adres op u naam het nie, kan u 'n verklaring deur 'n derde party indien wat sal dien as bevestiging dat u 'n adres met die derde deel. U moet dan ook die derde party se bewys van ID verskaf sowel as bewys van adres (minder as drie maande oud).

BOEDEL:

1. Afskrif van doodsertifikaat
2. Afskrif van ID van oorledene
3. Bankbesonderhede van wyle boedelrekening
4. Resolusie (indien meer as een eksekuteur)

Van die **eksekuteur/s** benodig ons die volgende:

5. Afskrif van ID
6. Afskrif van die Eksekuteursbrief / Magtiging
7. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

TRUST:

1. Afskrif van trustakte (indien van toepassing, enige wysigings van trustakte)
2. Afskrif van die magtigingsbrief

3. Afskrif van die SAID-dokument wat die inkomstebelasting / BTW-registrasienommer van trust bevestig
4. Resolusie onderteken deur alle Trustees wat die gemagtigde ondertekenaar / verteenwoordiger benoem
5. Afskrif van die bankstaat wat die bankbesonderhede van die trustrekening bevestig (minder as drie maande oud)

Van die gemagtigde ondertekenaar/vertteenwoordiger, elke kurator, begunstigde en stigter van die trust benodig ons die volgende:

6. Afskrif van ID
7. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

MAATSKAPPY:

1. Maatskappy registrasiedokumente
2. CM1- Sertifikaat van inlywing
3. CM2- Akte van oprigting
4. CM22- Kennisgewing van Geregistreeerde Kantoor
5. Indien van toepassing, CM9 of Sertifikaat van Erkenning (CoR) (CoR 18.1 en 18.3 vir omskakeling vanaf CC en CoR 15.1 vir naamsveranderinge)
6. Laaste CM29 - Inhoud van Registrateur van Direkteure, Ouditeure en Beampes besigheidsnaam indien anders as geregistreeerde naam

7. Bewys van adres (minder as drie maande oud)
8. Afskrif van die SARS-dokument wat die inkomstebelasting / BTW-registrasienommer van die maatskappy bevestig
9. Resolusie, onder maatskappybriefhoof, onderteken deur alle direkteure
10. Afskrif van die bankstaat wat die bankbesonderhede van die maatskappy bevestig (minder as drie maande oud)

Van die gemagtigde ondertekenaar/verteenwoordiger en / of uitvoerende hoof, elke direkteur en elke persoon of korporasie met 'n aandeelhouding van 25% of meer in die maatskappy, benodig ons die volgende:

11. Afskrif van ID
12. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

BESLOTE KORPORASIE:

1. Afskrif van die stigtingsverklaring (CK 1) en die sertifikaat van oprigting (indien van toepassing, CK2 vir enige wysigings aan die stigtingsverklaring)
2. Besigheidsadres indien dit nie geregistreer is nie
3. Bewys van adres van die maatskappy (minder as drie maande oud)
4. Afskrif van die SARS-dokument wat die inkomstebelasting / BTW-registrasienommer vir die BK bevestig

5. Resolusie op BK briefhoof, onderteken deur alle lede wat een ondertekenaar /verteenwoordiger benoem
6. Afskrif van die bankstaat wat die bankbesonderhede van die beslote korporasie bevestig (minder as drie maande oud)

Van die gemagtigde ondertekenaar / verteenwoordiger en elke lid benodig ons die volgende:

7. Afskrif van ID
8. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

10. VERSKILLE TUSSEN STRAF- EN SIVIELEREG

Die strafreg wil straf vir 'n oortreding. Die sivielerereg beoog om 'n remedie soos vergoeding vir beseerdes te bekom.

Ander belangrike onderskeidings sluit in:

- Deur 'n straf op te lê, is die strafreg daarop gemik om oortreders en ander in die samelewing af te skrik daarvan om misdade te pleeg.
- Die strafreg het die uiteindelijke doelwit om die stabiliteit van die staat en die samelewing te handhaaf.
- Die sivielerereg het ten doel om geskille tussen individue of organisasies te hanteer.
- Aangeleentheid in die sivielerereg behels oor die algemeen vergoeding of 'n ooreenkoms of 'n bevel met betrekking tot finansies.

- Aangeleenthede in die sivielereg word deur private partye aanhangig gemaak, terwyl strafregtelike aangeleenthede gewoonlik deur die staat aanhangig gemaak word.
- Die beslissing van die hof in 'n strafszaak is skuldig of onskuldig.
- In die sivielehof is die besluit of die verweerder aanspreeklik gehou kan word vir skade al dan nie.

Die uitkoms van siviele-aangeleenthede, waar een party aanspreeklik gehou word, is gewoonlik die toekenning van vergoeding, terwyl 'n skuldigbevinding in strafregtelike aangeleenthede 'n straf tot gevolg beteken in die vorm van gevangenisstraf, boete of gemeenskapsdiens.

Wat appèlle betref, kan enige party in 'n siviele saak appelleer. In 'n strafszaak kan slegs die beskuldigde appèl aanteken teen die beslissing van die hof.

In strafsake het die vervolgingsgesag die bewyslas van al die elemente van die misdaad, naamlik: kriminele handeling, kriminele opset, instemming, kousaliteit, skade en gepaardgaande omstandighede. In 'n siviele saak is die bewyslas op 'n oorwig van waarskynlikhede.

Die Strafproseswet 51 van 1977 (die SPW), soos gewysig, maak voorsiening vir die toekenning van vergoeding aan slagoffers van misdade, wat skade gely het weens die kriminele optrede van 'n beskuldigde. Dit kom in min gevalle voor. Hierdie benadering se doel is om die beskuldigde die geleentheid te bied om geld in te samel ten einde vergoeding te betaal.

In siviele-aangeleenthede kan die eiser op beide 'n deliktuele (onregmatige) grondslag vir skade sowel as kontraktuele terme en skade dagvaar. In straf-aangeleenthede wat deur die vervolgingsgesag (SAPD / Valke) ingestel is, word die saak deur die staat befonds, maar in 'n privaat vervolging moet die eiser die saak uit sy eie sak finansier.

Strafregtelike verrigtinge eindig gewoonlik met die dood van die beskuldigde, maar in hierdie geval is daar verskeie persone betrokke. Ons wil dit duidelik maak dat dit nie die einde van die pad vir die siviele saak is nie.

11. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend. Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige vertraging of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagstates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

12. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se

webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel:
<http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com